Waarby FLEUR en STER ingelyf is

By die Poswese as nuusblad ingeskryf

# ROOI ROSE

25 SEPTEMBER 1991

R2,70 (13% 35c AVB Uitgesl tot 29/9/91)
R2,97 (10% 27c BTW Ingesl vanaf 30/9/91)



## MODEL '91

Die glans en die trane

## DIE MAN VIR WIE DIANA DIE REËN TROTSEER HET

## PORTRET VAN INA 'KOOK EN GENIET' DE VILLIERS


## GESKEI?

Só begin jy weer lewe

## KONINKLIKE KARNALLIES

## LIEFLIKE LENTERUIKERS VIR DIE HELE HUIS

MOOISTE MODES




Daar is 'n baie hegte band tussen Charlize en Gerda, haar ma.



Van kleins af al 'n swaantjie: Charlize toe sy vier jaar oud was.



Ook Spaanse danse is een van Charlize se groot liefdes.



Charlize, die balletdanseres. Sy was 'n student aan die Hoër Skool Die Kruin in Johannesburg.

'n Groot diereliefhebber – hier is Charlize met haar hondjie Lulu.



# In een aand: van skooldogter tot internasionale model

**'n Aspoestertjie was sy nou nie, maar op 2 Augustus het Charlize Theron, 'n skooldogter van Benoni, soos 'n feëprinses gelyk toe sy as *ROOI ROSE* se Model '91 aangewys is**

deur JOAN KRUGER

Sy was soos tien duisende ander jong dogtertjies. In haar ma se hoëhakskoene en krale voor die spieël. Later met haasbekkie en kaal voete op pad laer skool toe; en hoër skool toe met haar balletskoene in haar skooltas.

Maar Charlize Theron was ook anders as tien duisende ander jong dogtertjies. Want aan haar voet het die glasskoentjie gepas.

En op Vrydagaand 2 Augustus, net ses dae voor haar sestiende verjaardag, het sy die werklikheid vir 'n sprokie verruil toe sy *ROOI ROSE* se Model '91 geword het.

Sy was meteens nie meer die standerd-agtdogter van die Hoërskool Die Kruin in Johannesburg, begaan oor toetse en take, oor balleteksamens en *barre*-werk nie.

Die wêreld het aan haar voete gelê.

Haar eerste afklimplek was Casablanca in Marokko, waar die eerste ronde van die New Model Today-wedstryd op 1 September plaasgevind het. Sou sy onder die einddeelnemers wees, het daar 'n finale en glansryke kompetisie in Italië voorgelê.

'n Fotosessie in Florence daarna, waar sy sou werk aan 'n verruklike modereeks vir *ROOI ROSE*, is vir haar maar net die begin van 'n internasionale loopbaan.

As deel van haar prys het sy reeds 'n kontrak onderteken met International Studio di Milano wat vir die volgende twee jaar haar loopbaan sal bevorder.

Dis genoeg om elke mens se kop te laat draai.

Veral as jy skaars sestien is.

(O, het 'n paar ma's gesug toe die jong modelle die aand met die regstreekse uitsending op TV1 so vrolik rondomtalie in hul wye katoenrokkies. O, maar hulle is dan nog so jonk!)

So jonk, en dan alleen oor die water.

En tog, toe Charlize laat daardie aand voor uitgelese gaste en borge haar pryse ontvang, het sy met soveel selfvertroue gevra of sy ook 'n paar woorde kon sê, en almal toe so sjarmant bedank dat mense wéér hardop moes wonder: Is sy maar net 'n skooldogter?

Die volgende oggend, ná presies vyftien minute se slaap, was die sprankel en die sêgoed weer terug toe sy 'n gas van *Goeie Môre Suid-Afrika* was.

Net kort daarna, so vars soos 'n lenteblaar in haar sjiek pakkie, het sy met *ROOI ROSE* in die Hotel Braamfontein gesels, en heelwat van die onnutsige skooldogter agter die gepoleerde voorkoms laat sien.

Dié wat geweet het van die groot hartseer wat sy met haar pragtige glimlag verberg het, kon net met nog groter respek na haar kyk.

Oor die tragiese gebeure in hul gesin, pas twee maande tevore, toe haar pa na 'n skietvoorval waarby haar ma ook betrokke was, dood is, wil ma en dogter nie graag praat nie.

"Dit het gebeur en ons is albei nog geskud daardeur, maar ons moet na die toekoms kyk," het Gerda Theron eenvoudig gesê en toe bygevoeg:

"Dit is vir Charlize 'n vuurdoop, maar ek het vertroue in my kind."

Van Charlize se kant was daar net 'n stille vasberadenheid om haar nie deur die koerantberigte of deur die reaksie van mense te laat seermaak of van stryk te laat bring nie.

Daardie vasberadenheid is iets waarmee 'n mens vinnig kennis maak as jy met haar gesels. Die ken word net so effens meer uitgestoot, maar die oë met hul opvallende grou-groen kykers bly steeds vriendelik.

Selfs wanneer jy haar reguit vra: "Daar word soms lelike dinge oor die modelwêreld gefluister. Dink jy jy is volwasse genoeg om dit te kan hanteer?"

Dan skud sy 'n slag die swaar blonde hare van haar gesig af weg en sê:

"Ek glo ek sal die druk kan verwerk. Anders sou ek nie eens ingeskryf het nie. Ek glo in myself. Ek is positief. Die negatiewe dinge moet ek doodeenvoudig verwerk. Ek het 'n vermoë om gelukkig te wees. My voete staan vas op die grond."

Hm, ja. Vas op die grond, maar darem ook nie te vas nie. Nie vir 'n meisiekind soos Charlize wat lewe vir dans nie, wat ballet en Spaanse danslesse neem, reeds vir haar gevorderde eksamen voorberei en ook 'n kranige atleet is nie.

Van kleins af was sy gemaklik onder die kollig, het gesing, gedans, kitaar gespeel.

"Ek het elke liewe yster in die vuur gehad," sê sy en sluk haar tee terwyl haar ma aanvul: "Sy kon dans amper nog voor sy kon loop."

Die ballet sal sy ook nie sommer laat vaar nie. Charlize het klaar uitgevind van die dansateljees in Italië en sy sal sorg dat sy met haar klasse voortgaan.

Net soos haar skoolwerk ook nie agterweë sal bly nie. Daar is, só het Georgina Grenville, verlede jaar se wenner, reeds vertel, goeie korrespondensiekursusse wat jou in staat stel om 'n baie goeie skooleindsertifikaat te verwerf.

Wat sy darem sal mis, sê sy, is die kans om onnutsig te wees in die klas. En die oë blink en ma en dogter kyk vir mekaar met groot begrip.

Nog 'n ding wat sy sal mis, sê Charlize, is die lekker geselstye met haar ma, wanneer hulle altwee in hul slaapklere pens en pootjies op die bed gesit en gesels het.

Maar wat, troos Gerda, Benoni en Milaan is ook maar net 'n vliegtuig ver van mekaar . . .

## Ontmoet ons pragtige Model '91-wenner

# KYK HOE SPRANKEL ONS CHARLIZE!



foto's DOOK grimering JAYNE HUTTON hare FABIENNE oorkrabbetjies van MONET baadjie JO BORKETT onderklere GOSSARD

**Ons kon daarin slaag om Charlize 'n paar uur lank vir 'n fotosessie in die hande te kry voor sy met haar nuwe leefwyse – dié van internasionale model – sou begin. Een van haar wonderlike pryse was R5 000 se KANEBO-produkte, en Charlize was gretig om haar nuwe skoonheidsroetine met dié mooimaakgoed op die proef te stel**

deur ELAINE NIXON-CAMPBELL

Charlize het 'n lieflike vel en het dus net 'n ligte, moeitevrye reeks produkte nodig. Sundew is 'n reeks wat 'n skoonheidsroetine eenvoudig maak, bestaande uit reinigers en bevogters wat spesifiek vir 'n jong vrou met 'n normale tot olierige vel geformuleer is. Die

veerligte jels het 'n sametrekkende uitwerking op die vel en is veral vir ons klimaat geskik.

Kanebo is een van die wêreldbekende skoonheidshuise wie se produkte tegnologies ver gevorder is, en hulle is veral trots op hul spesiale Double Cleansing Routine. Dié dubbel-aksiereiniging word saans gedoen, omdat selvernuwing vinniger plaasvind terwyl 'n mens slaap.

Die eerste reiniging met 'n romerige melk of jel is bedoel om van oppervlakvuilheid ontslae te raak en grimering op te los.

Die tweede deel van die reinigingsproses met 'n skuimmiddel diepreinig jou vel en herstel die vogbalans.

## REINIG SAANS SÓ



▲

**Stap 1**
Sundew Clean Jelly is 'n sagte, pienk jel wat óf met 'n stukkie watte óf met jou vingers aangewend kan word. Verwyder dit met 'n klam Sponge Chief – die wonderlike klein seemsleerwaslap van Kanebo.



**Stap 2**
Gebruik jou vingerpunte om die Rolling Jelly mee aan te wend en masseer dit aan jou gesig met op- en uitwaartse bewegings. Rolling Jelly dien ook as afskilfermiddel vir al die droë oppervlakselle terwyl dit jou vel deeglik reinig. Verwyder dit met 'n nat Sponge Chief.

**Stap 3**
Wend die yswit Cooling Lotion met 'n stukkie droë watte aan. Dit dien as 'n verfrisser en bevogter en verfyn die porieë van die vel.

**Stap 4**
Nourishing Jelly, lig en donsig, herstel jou vel se gladheid sagkens, en bevog en versag hom terselfdertyd. Dit is spesiaal vir normale tot olierige velle geformuleer en kan bedags *en* snags gebruik word.

▼





▲

Die Scrub Cream se fyn skuurkorrels raak sagkens van dooie velselle ontslae en maak jou vel lieflik glad, veral by die elmboë, knieë en hakke. Sodra al die droë oppervlakselle verwyder is, kan die vel vog beter opneem. Dié skuurmiddel is veral goed vir olierige velle en dele soos jou rug waar 'n mens soms geneig is om puisies te kry. Spoel die Scrub Cream met water af.




Kanebo se Sundew-reeks: Clean Jelly, Rolling Jelly, Cooling Lotion, Nourishing Jelly, Astringent en Make-up Joy.

Dié reeks help die vel om vog te behou met sy NM-faktor, dit beskerm die vel teen die ultraviolet strale van die son, verfris en verjong moeë velselle en vertraag die uitwerking van veroudering. ▶

## DIE OGGENDROETINE

**Stap 5**
Reinig jou vel eers met Sundew Astringent, 'n verfrissende opknapper wat jou vel normaliseer. Wend dit met 'n stukkie droë watte aan.

**Stap 6**
Charlize kan soggens óf Nourishing Jelly óf Cooling Lotion gebruik as bevogter.



**Stap 7**
Met Make-up Joy berei jy jou vel voor vir grimering. Dit bevat 'n sonskermmiddel om die skadelike sonstrale van jou gesig weg te keer, voorkom dat jou grimering naderhand soos kraakporselein lyk en dra daartoe by dat jy jou grimering gladweg kan aanwend. As jy Make-up Joy gebruik het, kan jy verwag om heeldag lank vars te lyk – al wat dalk sal nodig wees, is om jou lipstiffie op te knap.



Die Freshening Powder streel ▶ die vel en het 'n verfrissende, effens sweetwerende uitwerking. Wend dit mildelik aan vir 'n bykomende verkoelende, bevogtende resultaat ná 'n badsessie.

### 'N KLEURRYKE PRENTJIE

Charlize se pragtige vel is 'n groot bate, en haar keuse van grimeerkleure vir bedags was van neutraal tot perskekleur.
onderlaag CREAMY FOUNDATION YO-01
blosser COFFEE CREAM, CHEEK COLOUR
oogskadu NOUGAT en BURNISHED BROWN, en PIN LADY vir beklemtoning
maskara BIO FITNET SWART – die nuwe maskar wat so glad soos sy aanwen
lipstiffie LIP COLOUR PEACH SORBET

## N PRAGTIGE LYF

(anebo se Silk Body-reeks sal ielp om Charlize se vel syglad e hou en haar laat ontspan ná n dag van gejaagdheid. Soos lie naam suggereer, is die Silk Body-produkte se hoof-estanddeel syfibroïen – wat lie vermoë het om die vel van og te voorsien.

Ander strelende en versag-ende bestanddele is die ek-trak van perskeblare – wat apanners graag by hul bad-vater voeg, ander natuurlike lant-ekstrakte, vlugtige olies n allantoïen. Terapeutiese eure soos dié van roos en asmyn voltooi die samestel-ng van die wonderlike pro-lukte.

## BETOWERENDE GRIMERING

lagic Make-up bied jou 'n rettige *en* ekonomiese ma-ier om grimeerkleure byme-aar te maak. Al Kanebo se pstiffies, blossers, oogska-u's en onderlae kan afson-erlik gekoop word.

Die kleurpalette is in drie erskillende groottes verkryg-aar, en al wat jy hoef te doen, s om die magnetiese hervul-ngs in 'n enkele houer te laas. Dit sal jou grimeringver-ameling op 'n maklike manier angskik, en jy sit dan nie op ie ou end opgeskeep met 'n *klomp kleure wat jy nie ge-*bruik nie.

Magic Make-up is uitgeknip vir Charlize wanneer sy oor-see begin reis – alles kan in 'n enkele, kompakte houer oral saamgedra word!



Die Smoothing Emulsion se natuurlike plant-ekstrakte stimuleer die bloedsomloop, verferm die velweefsel en maak jou vel sysag. Die tekstuur van die vloeimiddel is so lig dat dit onmiddellik deur jou vel opgeneem word en nie sal afsmeer aan jou klere nie. Gebruik dit daagliks ná 'n stortbad.

Kanebo se Silk Body-lyfsorg-reeks: Shower Gel, Bath Essence, Softening Lotion, Smoothing Emulsion, Freshening Powder, Scrub Cream -en Slender Set – uitgeknip vir *'n wonderlike* Japanse badritueel. ▶

